

Verbruikerstudies

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Maralyn Burger, Elmarie Augustyn, Anneke du Plessis & Ronel Henning

GRAAD

11

KABV

3-in-1



THE
ANSWER
SERIES *Your Key to Exam Success*



Graad 11 **Verbruikerstudies** 3-in-1 KABV

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Die NUWE Graad 11 Verbruikerstudies 3-in-1 Klasteks & Studiegids waarna ons lankal uitsien, bied op 'n bondige manier steun om die fyner detail van die kurrikulum te ontrafel en te interpreteer.

Die goedgeorganiseerde notas, gekombineer met toepaslike voorstellings, brei die konsepte in die teks uit en bevorder leer-met-begrip. 'n Wye reeks vrae met gedetailleerde antwoorde bou selfvertroue by leerders, terwyl hulle die inhoud baasraak.

Sleuteleienskappe:

- Omvattende Notas
- Vrae per Onderwerp
- Gedetailleerde Antwoorde

GRAAD

11

KABV

3-in-1

Verbruikerstudies

Maralyn Burger, Elmarie Augustyn,
Anneke du Plessis en Ronel Henning

HIERDIE KLASTEKS & STUDIEGIDS SLUIT IN

- 1 Notas per Onderwerp
- 2 Vrae per Onderwerp
- 3 Gedetailleerde Antwoorde

Printed by
novus print
A division of Novus Holdings

eBoek
beskikbaar 

 THE
ANSWER
SERIES *Your Key to Exam Success*

INHOUD

<i>Wat is Verbruikerstudies?</i>	<i>i</i>
<i>Assessering in Graad 11</i>	<i>i</i>

ONDERWERP 1: Die Verbruiker 1 – 37

Eenheid 1 Inkomste en uitgawes van Suid-Afrikaanse gesinne	1
Eenheid 2 Die huishoudelike begroting	6
Eenheid 3 Banksake en betaalmetodes	9
Eenheid 4 Gebruik van tegnologie vir betalings.....	14
Eenheid 5 Verbruikersbeskermingsbeleide en -praktyke.....	16
Eenheid 6 Die Kredietburo.....	20
Eenheid 7 Verbruikersorganisasies	23
Eenheid 8 Kanale vir verbruikersklagtes.....	25
Vrae	27
Memo	33

ONDERWERP 2: Voedsel en Voeding 38 – 92

Eenheid 1 Voeding	38
Eenheid 2 Voedingsbehoefte van verskillende verbruikersgroepe	47
Eenheid 3 Individuele energiebehoefte	56
Eenheid 4 Voedsel fortifisering	60
Eenheid 5 Voedselkontaminasie.....	62
Vrae	65
Memo	81



ONDERWERP 3: Ontwerpelemente en -beginsels 93 – 121

Eenheid 1 Kleurteorie	93
Eenheid 2 Ontwerpelemente en -beginsels.....	96
Eenheid 3 Toepassing van ontwerpelemente en -beginsels	101
Vrae	112
Memo	119

ONDERWERP 4: Tekstielvesels en Tekstielstowwe 122 – 136

Eenheid 1 Materiaalvervaardigingstegnieke	122
Eenheid 2 Materiaaleienskappe	126
Eenheid 3 Materiaalafwerkings.....	128
Vrae	130
Memo	134

ONDERWERP 5: Behuising en Interieur 137 – 157


Eenheid 1 Ruimtebeplanning.....	137
Eenheid 2 Keuse van meubels	146
Eenheid 3 Evalueringskriteria wanneer meubels aangekoop word	152
Vrae	153
Memo	156

ONDERWERP 6: Entrepreneurskap 158 – 179


Eenheid 1 Die identifikasie en formulering van 'n besigheidsidee en keuse van 'n geskikte produk	159
Eenheid 2 Konsepttoetsing en behoefte-identifisering.....	162
Eenheid 3 Bemaking	165
Eenheid 4 Produksie.....	171
Vrae	175
Memo	177

Cholesterol is 'n wasagtige, vetterige stof wat natuurlik in bloed en liggaamselle voorkom. Dit kom ook voor in alle dierlike voedsel. 'n Dieet hoog in trans- en versadigde vette kan veroorsaak dat slegte cholesterol geleidelik in die binnewande van slagare opbou. Dit kan tot kardiovaskulêre hartsiektes lei.

Versadigde vette bevat **slegte cholesterol (LDL-cholesterol)** wat oor die jare in die bloedvate opbou. Hierdie wasagtige laag wat in die bloedvate aanpak, word plaak genoem. Wanneer bloedvate wat suurstofryke bloed na die hart vervoer, verstopt, kry die hart nie genoeg suurstof nie en kan dit tot 'n hartaanval lei.



Onversadigde vette bevat **goeie cholesterol (HDL-cholesterol)** wat die slegte cholesterol in die bloed verlaag deurdat dit plaak wat in die bloedvate opbou, kan verminder.



Water

- ▶ Al verskaf water nie energie nie en bou of herstel ook nie liggaamsweefsels nie, word dit as 'n voedingstof geklassifiseer aangesien dit noodsaaklik is vir lewe.
- ▶ Die waterbalans in die liggaam word deurentyd beheer om te verseker dat die liggaam nie te min of te veel water verloor of inneem nie.
- ▶ Die menslike liggaam bestaan uit 55% – 60% water.

Funksies	Bronne	Gevolge van tekort	Gevolge van oormaat
▶ Hoofbestanddeel van bloedplasma ▶ Nodig vir alle chemiese reaksies in die liggaam ▶ Oplosmiddel vir mineraalsoute, gasse (bv. suurstof en koolstofdiksied), voedingstowwe, vitamienes en ook afvalprodukte ▶ Vervoermiddel vir spysverteringsappe en verteerde voedingstowwe asook afvalprodukte wat deur urine en ontlasting uitgeskei word ▶ Smeermiddel om die kou- en slukproses te vergemaklik en wrywing in gewigte en die oogbolle te voorkom ▶ Reguleer liggaamstemperatuur deur sweet wat van die veloppervlak verdamp en so die liggaam afkoel	▶ vrugtesappe ▶ koeldrank ▶ sop ▶ tee ▶ koffie ▶ melk ▶ skoon water 	▶ Dehidrasie wat lei tot: - lighoofdigheid - hoofpyn - naarheid - hartversaking ▶ Hardlywigheid ▶ Gekonsentreerde urine	▶ Elektroliet-uitputting omdat kalsium, magnesium, kalium en natrium uit die liggaam gewas word ▶ Ooreising van die niere 

LET WEL

Die liggaam kan nie oorleef indien dit meer as 20% tot 22% water verloor nie.

OPSOMMING

Energieverskaffing deur makrovoedingstowwe



- ▶ 1 gram proteïene verskaf 17 kJ energie
- ▶ 1 gram koolhidrate verskaf 17 kJ energie
- ▶ 1 gram vet verskaf 38 kJ energie
- ▶ Water verskaf geen energie nie

kJ = kilojoule



3 Tekstuur

- ▶ Tekstuur verwys na die oppervlakeienskap van 'n voorwerp; hoe die oppervlak lyk of hoe dit voel wanneer jy daaraan raak.
- ▶ Tekstuur verskaf visuele interessantheid in 'n ontwerp.
- ▶ In 'n ontwerp moet een tekstuur oorheers en ander teksture kan bygevoeg word om dit interessant te maak.
- ▶ Tekstuur kan nageboots word deur materiaal of voorwerpe te vervaardig waarvan die tekstuur met dié uit die natuur ooreenstem, bv. nagemaakte pels.
- ▶ Gladde teksture kan gesofistikeerd, formeel en soms klinies voorkom. Growwe teksture gee 'n meer informele voorkoms.
- ▶ Tekstuur word beïnvloed deur lig. Gladde teksture weerkaats lig en is opvallend. Growwe teksture absorbeer lig en veroorsaak dat voorwerpe nie so opsigtelik is nie.
- ▶ Daar is twee tipes teksture, nl.:



Tasbare tekstuur



- ▶ Dit beskryf hoe die oppervlak van 'n voorwerp voel, bv. hard, sag, glad of grof.



Visuele tekstuur

- ▶ Dit beskryf hoe die oppervlak van 'n voorwerp lyk.

Soms lyk 'n voorwerp se tekstuur anders as wat dit regtig is. Kleur en ontwerp kan gebruik word om gladde oppervlakke getekstureerd te laat lyk. 'n Teël kan gemaak word om soos marmer, pels of hout te lyk, maar wanneer jy daaraan raak, voel dit glad.



Kleur Reeds behandel – sien Notas in Eenheid 1.

ONTWERPBEGINSELS

Ontwerpbeginsels is riglyne waarvolgens ontwerpelemente saamgevoeg word om 'n goeie ontwerp te verseker.

Proporsie

- ▶ Proporsie verwys na die grootte van die dele waaruit 'n voorwerp saamgestel is in verhouding tot ander dele van **dieselfde voorwerp**.
- ▶ Die verskillende dele van 'n ontwerp moet dus in verhouding wees tot mekaar, maar ook tot die geheel.
- ▶ Wanneer 'n area verdeel word, moet die verhouding tussen die dele reg vertoon.
- ▶ Die riglyne om proporsie te beoordeel is soos volg:
 - ▶ *gelyke verdeling is nie so bevredigend soos die oneweredige verdeling van areas nie*

Goeie proporsie




Swak proporsie




Gelyke dele is vervelig



As verdeling te ongelyk is, is die ontwerp swak






'n Voorbeeld van goeie proporsie in 'n vertrek

Tipe figuurvorm	Kenmerke/beskrywing	Aanbevole kleredrag
Ovaal/appelvormig   'n Jas kan probleemareas wegsteek	► gemiddelde tot groot borste ► in die geval van 'n kleiner borsmaat, kan gewig om die middellyf saampak ► volheid om die middel ► heupe kan ook groot wees  Dra gemaklike, lospassende uitrustings  'n Serp kan die aandag na die gesig trek	► Vermy detail by die grootste dele, nl. die bors en maag. ► Lang, gepunte krae vestig die aandag op die gesig. ► Gebruik V-halslyne en lang hangkettings wat 'n vertikale lyn skep. ► Vermy rokke en gordels wat styf om die middellyf sit – dit sal die gedeeltes wat eerder weggesteek moet word, beklemtoon. ► Vermy klere van klewerige materiaal; dra eerder lospassende uitrustings. ► Kies langbroeke wat net onder die heupe sit en nie die aandag op die middellyf sal vestig nie. ► Dra effekleure by stukke met tekstuur of patrone om die silhoeët te breek en die grootte van die maag te verbloem. ► Vermy jasse van dik wolstowwe; dit skep ekstra volheid om die middellyf. ► Vir 'n kort appelfiguur moet die rok of jas korter as knielengte wees. Vir langer persone kan die soom net onder die knie sit. ► Baadjies moet om die skouers pas en nie die middellyf nie; maak dan die gaping toe met 'n serp. ► Dra langbroeke sonder plooië, met plat voorpante. ► Dra bo- en onderstukke van een kleur, bv. 'n swart hemp, broek en skoene. ► Vermy groot ontwerpe en breë strepe. 

VRAAG 3

Kies in elke geval die illustrasie van die kleurharmonie uit Kolom B wat die beste pas by elke kleurkombinasie in Kolom A. Skryf slegs die korrekte letter (A – G) langs die vraagnommer (3.1 – 3.5) neer, bv. 3.6 H.

KOLOM A Kleurkombinasie			KOLOM B Illustrasie van die kleurharmonie
3.1 smaraggroen	mintgroen	lemmetjiegroen	A. 
3.2 –	donkergroen	wynrooi	B. 
3.3 hemelsblou	bloupers	laventelpers	C. 
3.4 neongeel	neonblou	neonpienk	D. 
3.5 appelkoos	sagte bloupers	sagte blougroen	E. 
			F. 
			G. 

VRAAG 4

4.1 Beskryf die volgende terme in kleurterminologie.

4.1.1 Waarde

4.1.2 Intensiteit

VRAAG 5

Noem in elke geval die korrekte kleurkombinasie wat gevorm word.

5.1 'n rooi aandrok met pienk chiffonvalle

5.2 pers geskenkpapier met geel kolle daarop

5.3 'n slaapkamer met 'n ligblou muur en 'n duvet met oranje, rooi-oranje en blougroen blokkies

5.4 'n pers lap met geel-oranje en geel-groen blommetjies daarop

VRAAG 6


Klassifiseer die volgende kleurkombinasies.

6.1 Monochromatiese kleure

6.2 Komplementêre kleure


6.3 Analoë kleure

6.4 Gesplete komplementêre kleure



BREI

- ▶ As jy brei word 'n enkele of verskeie lengtes aaneenlopende gare/draad ineengeveg.
- ▶ Dit veroorsaak 'n rekbare konstruksie.
- ▶ Dit kreukel nie maklik nie.
- ▶ Industrieel word dit met 'n breimasjien gedoen, maar dit kan ook met breinaalde gedoen word.
- ▶ Daar is twee tipes gebreide materiaal, nl. skerings- en inslagbrei.



VOORKOMS	EIENSKAPPE	GEbruIKE
Skeringsbreimateriale		
	▶ Dit is stewige weefwerk waar die lusse van die materiaal vertikaal in die lengte aanmekaar haak ▶ Dit is minder rekbaar as inslagbrei en leer nie ▶ Dit kan slegs met 'n masjien gemaak word ▶ Behou sy vorm goed	▶ Fyn liggewig tekstielstowwe (bv. sportdrag, swemklere en onderklere)
Insagbrei-/riffelbreimateriale		
	▶ Matige rekvermoë, verloor vinnig vorm ▶ Met twee basiese steke nl. regs- en aweregssteke, vorm die gare/draad horisontale lussies (rye) oor die materiaal ▶ Indien 'n steek in die vervaardigingsproses sou val, sal die materiaal in die lengte af leer ▶ Kan met die hand of 'n masjien gemaak word	▶ Sokkies ▶ T-hemde ▶ Breidrag (bv. serpe, truië en handskoene) ▶ Sykouse ▶ Onderklere

NIE-GEWEEFDE (GEBINDE) MATERIALE

Hierdie materiale word nie geweef nie; die vesels word gegom en dan onder druk en hitte saamgesmelt.





- ▶ Vesels word met verbindings- of verviltingstegnieke saamgepers en bymekaar gehou om die materiaal te vervaardig.

VOORKOMS	EIENSKAPPE	GEbruIKE
Verbindingstegniek		
Sintetiese vesel word met harpuiskleefstof, gom, naaldponswerk of steekverbindinge aanmekaar geheg.	▶ Goedkoop ▶ Kreukelbestand ▶ Rafel nie uit nie ▶ Stabiel wanneer gewas word	▶ Babadoeke ▶ Sanitêre ware ▶ Binnevoering en insulasie in klere ▶ Weggooibare skoonmaaklappe
Verviltingstegniek		
Wol of ander sintetiese stowwe word met vog, hitte, wrywing en druk behandel om vilt te vorm.	▶ Styf en stewig, maar nie so duursaam soos weef- en breimateriaal nie ▶ Styf, maar nie baie sterk nie	▶ Hoede ▶ Viltonderlae vir tapyte/matte ▶ Pantoffels ▶ Voerings

VRAAG 2

Identifiseer en noem die konstruksiemetode in A – E hieronder. Tabuleer jou antwoord as volg:

	KONSTRUKSIEMETODE
A	
B	
C	
D	
E	


**VRAAG 3**

Pas die afwerking van die materiaal in Kolom B by die verduideliking van die doel of effek van die tegniek in Kolom A. Skryf slegs die letter (A – H) van jou keuse langs die ooreenstemmende vraagnommer (3.1 – 3.6) neer.

KOLOM A	KOLOM B
Doel/effek van die tegniek	Afwerking van die materiaal
3.1 Hierdie afwerking verminder die kleef-effek van kledingstukke.	A. pluising
3.2 Vesels word met 'n alkali behandel sodat die materiaal, wanneer dit gevou of gedruk word, weer die kreukels verloor.	B. merserisering
3.3 Hierdie afwerking maak katoen meer krimpbestand en absorberend.	C. antistatiese afwerking
3.4 Warm rollers verleen 'n egalige oppervlak en mooi glans aan die materiaal.	D. waterbestande afwerking
3.5 Die materiaal gaan deur twee gegraveerde rollers wat 'n verhewe patroon op 'n plat oppervlak druk.	E. kreukelweerstand
3.6 Die veselpunte word geborsel sodat die oppervlak van die materiaal sag en donsig word.	F. bosselering
	G. antibakteriële afwerking
	H. kalandering

VRAAG 4

Bestudeer voorbeelde A – D en beantwoord die vrae wat volg.



- 4.1 Identifiseer die weeftegnieke in sketse A – D hierbo.
- 4.2 Noem EEN eienskap wat eie is aan elke weeftegniek.
- 4.3 Gee 'n voorbeeld van waar dit gebruik word.

Tabuleer jou antwoord as volg:

	4.1 Tegniek	4.2 Eienskap	4.3 Gebruik
A			
B			
C			
D			

VRAAG 5

- 5.1 Demi wil graag vir haar nuwe jeans koop.

- 5.1.1 Stel 'n tekstielstof voor wat gepas sal wees.
- 5.1.2 (a) Identifiseer die weeftegniek waarvolgens hierdie tekstielstof gemaak word.
(b) Verduidelik hierdie tegniek kortliks.
(c) Noem 'n kenmerkende eienskap van hierdie tipe weefmetode.
- 5.1.3 Noem enige TWEE materiaal eienskappe wat Demi se jean behoort te hê.



KEUSE VAN MEUBELS

Die tipe materiaal waarvan meubels gemaak word, asook die konstruksiemetodes, bepaal die gehalte en duursaamheid daarvan.

HOUTMEUBELS	EIENSKAPPE	GEBRUIKE
Verskillende tipes hout kan gebruik word, nl.: › hardehout – dit is afkomstig van bladwisselende bome soos esdoring-, eikehout- en kersiehoutbome › sagtehout – dit is afkomstig van immergroen bome soos seder- en dennehoutbome › soliede hout – items word uit blokke soliede hout gesny › gelamineerde/laaghout – dit is dun lagies hout wat aan mekaar vasgegom word en is goedkoper as soliede hout › fineerhout – dit is dun houtvelle wat van houtstompe afgeskil en op soliede laaghout of veselbord vasgegom word 	› Mooi, ryk voorkoms › Duursaam en sterk  Duursaam: dit is sterk en slytbestand en hou dus lank › Kan maklik gevorm word – dit breek nie as dit gebuig word nie › Veelsydige medium – verskillende afwerkings kan daarop aangebring word › Herwinbaar › Sekere houtsoorte is bestand teen slegte weersomstandighede – dit word gebruik vir buitenshuise meubels › Kan maklik brand › Kan verrot as dit nie reg behandel word nie › Kan deur insekte en houtkewers beskadig word › Kan krimp en krom trek as dit met vloeistowwe in aanraking kom	› Meubels, bv. boekrakke, lessenaars, tafels, tafelblaaie, kaste, kabinette en stoele › Sommige duursame hout word vir buitenshuise meubels gebruik, bv. patiosettele 

6 FAKTORE WAT PRODUKSIEKOSTE BEÏNVLOED

Materiaalkoste (roumateriale/grondstowwe) en natuurlike hulpbronne

Die koste van roumateriale/grondstowwe verskil van tyd tot tyd.

Om in grootmaat te koop kan goedkoper wees, maar bestanddele moet dan opgebruik word en daar moet voldoende stoorspasie beskikbaar wees.

Die prys van grondstowwe hang af van die beskikbaarheid van 'n produk (hoe skaars of volop dit is). Die kostes van natuurlike hulpbronne, bv. mielies, sal styg as daar 'n droogte in die land is. Die produksiekoste van 'n wolbaadjie kan verminder word deur die wol tydens die produksieproses met sintetiese vesel te vermeng.

Indien enige van hierdie koste-items styg, sal die produksiekoste ook styg.



Arbeidskoste

Arbeidskoste kan verskil na gelang van die werkers se vaardigheidsvlakke (geskoold/halfgeskoold/ongeskoold).

Vakbonde dring van tyd tot tyd aan op verhoogde lone en werkers staak as daar nie aan hul eise voldoen word nie.



Vervoerkoste/petrolprys

Wanneer die brandstofprys styg, styg vervoerkoste ook en word bestanddele dus duurder. Produksiekoste sal dan ook toeneem.

Brandstofprysverhogings het ook tot gevolg dat afleweringskoste aangepas moet word.



Elektrisiteitsprys

Indien 'n produk vervaardig word deur gebruik te maak van elektriese toerusting, bv. 'n stoof, sal die elektrisiteitskoste hoër wees en die produksiekoste sal verhoog.

Die koste van foutiewe of beskadigde produkte

Foutiewe en/of beskadigde produkte beïnvloed produksiekoste. Daar is soms foutiewe en/of beskadigde produkte in besendings. Indien daar bv. 12 melkterte gebak word, maar 3 het misluk, word die produksiekoste vir 12 bereken en betaal, maar slegs 9 word verkoop. Dit is belangrik om hierdie kostes tot die minimum te beperk.

Verliese gedurende produksie

Wanneer kos vervaardig word, kan daar tydens die voorbereidings- en kookprosesse verliese voorkom. Ongeveer 5% moet by rou voedseluitgawes bygetel word om hierdie kostes te dek.



VASSTEL VAN DIE VERKOOPPRYS

Die **verkoopprys** is die prys waarteen die produk verkoop gaan word om produksiekoste en 'n persentasie wins/winsgrens te dek.

Die winsgrens mag verskil na gelang van die konteks waarin die entrepreneur homself bevind.

$$\text{Verkoopprijs} = \text{Produksiekoste} + \text{Winsgrens}$$



Die **winsgrens** is 'n bedrag geld of 'n persentasie wat by die produksiekoste bygetel word wanneer die verkoopprijs vasgestel word.

Berekeninge om die verkoopprijs vas te stel

Die noukeurige berekening van die verkoopprijs is baie belangrik om te verseker dat die besigheid volhoubaar winsgewend is.

- ▶ Indien die verkoopprijs te hoog is, sal verbruikers nie die produk koop nie, wat tot geen verkope en geen wins sal lei.
- ▶ Indien die verkoopprijs te laag is, sal die besigheid nie al die uitgawes kan dek nie en dus nie genoeg wins maak nie.

Soms word daar van die entrepreneur verwag om die werklike koste van 'n bestanddeel/element te bepaal. Die volgende formule word gebruik om die werklike koste van 'n bestanddeel/element wat gebruik word, te bereken:

$$\frac{\text{Hoeveelheid gebruik}}{\text{Hoeveelheid gekoop}} \times \text{Aankoopprijs} = \text{Werklike koste}$$

Voorbeeld

'n Resep vereis 10 g bakpoeier. Daar word egter 500 g bakpoeier teen R28,99 aangekoop. Wat is die werklike koste van die 10 g bakpoeier?

$$\begin{aligned} \text{Werklike koste per item} &= \frac{\text{Hoeveelheid gebruik}}{\text{Hoeveelheid gekoop}} \times \text{Aankoopprijs per item} \\ &= \frac{10 \text{ g}}{500 \text{ g}} \times R28,99 \\ &= 0,5798 \\ &= R0,58 \text{ of } 58c \end{aligned}$$

10 g bakpoeier kos dus R 0,58 of 58c

Drie maniere om die verkoopprijs te bereken:

- ▶ Verkoopprijs bereken met **winsgrens as 'n bedrag**

Bv. die produksiekoste is R23,00 en die entrepreneur wil **R7,00** wins byvoeg:

$$\begin{aligned} \text{Verkoopprijs} &= \text{Produksiekoste} + \text{Bedrag Wins} \\ &= R23,00 + R7,00 \\ &= R30,00 \end{aligned}$$

- ▶ Verkoopprijs bereken met **winsgrens as 'n persentasie**

Bv. die produksiekoste is R23,00 en die entrepreneur wil **20%** wins byvoeg:

$$\begin{aligned} \text{Verkoopprijs} &= \text{Produksiekoste} + \% \text{ Wins} \\ &= R23,00 + 20\% \text{ (van } R23,00) \\ &= R23,00 + R4,60 \\ &= R27,60 \end{aligned}$$

- ▶ Verkoopprijs bereken in terme van **mededingers se produk**

Bv. die produksiekoste van die entrepreneur se produk is R23,00. Mededingers se verkoopprijs vir 'n soortgelyke produk is R25,00. Indien die entrepreneur dus mededingend wil wees en sy/haar produk ook teen 'n verkoopprijs van R25,00 verkoop, sal sy/haar wins die volgende wees:

$$\begin{aligned} \text{Wins} &= \text{Verkoopprijs} - \text{Produksiekoste} \\ &= R25,00 - R23,00 \\ &= R2,00 \end{aligned}$$

LET WEL

R2,00 wins op R23,00 produksiekoste beteken 'n wins van slegs 8,7%.

$$\left(\frac{R2,00}{R23,00} \times 100 = 8,7\% \right)$$

Eenheidsprys

Om die eenheidsprys van 'n produk te bereken, moet die totale verkoopprijs gedeel word deur die aantal produkte wat vervaardig word. Dit word soos volg bereken:

$$\text{Eenheidsprys} = \frac{\text{Totale verkoopprijs}}{\text{Aantal produkte vervaardig}}$$

Indien die verkoopprijs vir 12 kolwyntjies R156,00 is, word die eenheidsprys (prys vir 1) as volg bereken:

$$\begin{aligned} \text{Eenheidsprys} &= R156,00 \div 12 \\ &= R13,00 \text{ per kolwyntjie} \end{aligned}$$

(**LW:** Die R (randwaarde) MOET in alle berekeninge getoon word.)